



KAMMANUUS

Nommer 230

24 Maart 2008

TOULEIER

'Rietsny' toe net die ding!



Ons eie Paasaweekuittog was na die Karoo toe. Nie die kleintjie nie, nie daar waar hulle kunstig fees hou tussen volstruise nie.

Nee die régte een, net mooi halfpad Kaap toe.

Vroeg gery, net voor die motorgolf. Teen die tyd dat die N1 goed besig was, het ek en Kamermaatjie al met ons eerste jenewertjies, met die nodige stukkie suurlemoen daarin, die Karoo se sonsondergang gegroet.

My waardering vir 'n suurlemoen het eers goed gestale gekry toe ons in Chili gewerk en gebly het. Daar, in die dorpie Salamanca, in ons klein agterplasia, was 'n die suurlemoenboom van alle suurlemoenbome.

Jy het miskien nog nie van 'n *pisco sour*, Chili se nasionale drankie, gehoor nie, maar ek dink almal ken 'n tequila en die manier waarop hy gedrink word. Dis so tussen die twee, het ons inwonende boompie altyd gesorg dat daar 'n vars vruggie was die naweek die drankies.

Ook geen wonder dat ons met ons terugkeer somer dadelik 'n boompie gaan koop het nie. Maar o wee, geen enkele vruggie het sy verskyning gemaak nie.

Toe ons weer die volgende jaar oorsee gaan werk, het ek die boompie by vriende in Midrand gaan plant. Amper 'n jaar later het hulle laat weet daar is steeds geen suurlemoene nie! Mismoedig maar immer vol hoop, het ek die boompie gaan haal toe ons ons plekkie in Sandton koop en daar geplant waar hy steeds vandag staan.

Hy het lekker begin groei en binnekort was hy my hoogte, amper twee meter. Van suurlemoene was daar egter geen teken nie. Ons suurlemoenboom was bar, oor en uit. Maak toe maar vrede daarmee.

Toe, laas jaar, gaan vertel ek die skool vir dowes in Rosebank meer oor die Gautrein. Ná die lesing stap die wetenskaponderwyseres saam met ons kar toe. In haar arms sulke knewels vet heldergeel suurlemoene. Sy moes duidelik die smagting op my gesig gelees het, en bied my een aan.

Ek vertel haar toe die storie van my probleemboompie. Ag dis maklik, merk sy op. Haar swaer het blykbaar ook so 'n boom gehad en sy raai hom toe aan om net te sorg dat die boom meer stikstof kry. En die beste bron van stikstof?

Maklik, meen sy, jy slaan maar net gereeld 'n watertjie af in sy rigting. Urine het 'n baie hoë stikstofinhoud. Baie skepties en kwaai aan't rondloer wie my gaan sien, gaan sny ek toe somer daardie aand nog riet by die boompie.

Skaars 'n week later roep Kamermaatjie my tuin toe. Sowaar, daar hang hy, een enkele suurlemoentjie! Ek het toe nie weer tyd of neiging gehad om weer te gaan afslaan nie. Tog, twee maande later staan die kêrel wit in die blom, en vandag hang daar etlike gesonde suurlemoene!

Annabelle het reeds haar lekker suurlemoentertresep uitgegrawe. Ons kan nie wag nie. Enige iemand vir 'n jenewertjie met 'n lekker skyfie suurlemoen vars uit my tuin daarin?

Hennie Greeff

Uitgewer van Kammanuus

Hierdie week in Kammanuus:

- | | |
|-----------------------------|------------------------------|
| 2 - Roelfie slaat raak | 6 - Makeriepas: Daai stilte! |
| 3 - Allegaartjie | 7 - Boemerangboertjie |
| 4 - Hierdie week se giggels | 8 - Briewebus |
| 5 - Mense en hul dinge | 9 - Agteros: n goi bgrpr |

Kammanuus word saamgestel deur Spektrum Produksies



ROELFIE SLAAT RAAK

❑ Is die 'walgvideo' 'n weerligafleier?

EN toe spring almal op die wa oor die Kowsie-video: swartes verdoem al wat wit is as rassiste, en die Afrikaners staan tou om voete te was en derms uit te ryg, op elke denkbare forum, van die môre tot laat in die aand.

Wat Roelfie betref, is die video ongevraag en ongevoelig, sommer plein onnosel en alles behalwe gesonde studentepret. En die nasleep 'n totale oorreaksie: Niemand is vermoor, verkrag of met kookwater verbrand nie.

Prof. Hermann Giliomee het 'n interessante siening oor die herrie, en beskou dit ook as die simbool van iets anders - "’n erg verskeurde, leierlose nasie wat bitter onseker is oor sy toekomsvooruitsigte". Hy skryf:

"Vir ANC-leiers was die afgelope vier maande ’n nagmerrie – die swak hantering van die opvolgkwestie en die Eskom-debakel het al die ergste wit vermoedens oor transformasie bevestig. Vir die eerste keer was daar ’n yslike mensgemaakte ramp waarvoor wit mense nie geblameer kon word nie.

"En toe kom die Reitz-gruwel soos manna uit die hemel. Skielik is die hele Afrikanerdom en die hele Universiteit van die Vrystaat skuldig."

'n Lekker, baie tydige weerligafleier, dus.

► Nou wonder Roelfie steeds: Wie het dit vyf maande ná die tyd - en ná 'n paar openbare vertonings daarvan - aan die groot klok gaan ophang? En wat gaan die beloning hiervoor wees? Roelfie het al fluisteringe van 'n kabinetspos gehoor...

❑ 'Eisj! Ons is moeg!'

SAAM met Mpoepallankal is die Voos-Kaap die beste bron van siek grappe.

Die Voos-Kaapse regering betaal die Es-Y-Bie-Sie se Xhosa-sender glo R13000 per program sodat die provinsiale LUR'e die kiesers kan inlig wat hul begrotings beteken.

Klink vir Roelfie na 'n lekker vorm van kruisbestuiwing, maar dis tog interessant dat die regeerders soms wel betáál vir propaganda. Maar dis nie waaroor hierdie brokkie gaan nie. Nee, verlede week het een van die LUR'e laat weet dat sy "te moeg" is om op te daag vir die propagandasessie. Die vorige week was dit 'n ander "moeë" wat weggebly het.

► Moet wees hoekom daar so min met hul begrotings gebeur: Hulle is doodeenvoudig net "te moeg" om dit aan te wend.

❑ Wie het die fluitjie geblaas?

'N HISTORIKUS het een keer gesê die Heilige Romeinse Ryk is nie heilig nie, nie Romeins nie en geen ryk nie. Dieselfde kan gesê word van Duskantland se Koördinerende Komitee vir Grensbeheer: Daar is geen koördinasie nie, daar is skaars sprake van 'n komitee en grensbeheer bestaan nie.

Die ouditeur-generaal sê in 'n verslag wat geleë is grensposte is 71% onderbeman en die hawens met 96%. G'n wonder die land het 'n mekka vir smokkelnetwerke geword nie, en dit help ook om die geskatte vyf miljoen onwettige immigrante te verklaar.

Diesselfde komitee ontken ook dat daar meer as 400 geregistreerde gevalle aangeteken is van mense wat ná hul aankoms by OR Tambo by hul bestemmings voorgelê en beroof is.

► En wat doen die Koördinerende Komitee vir Grensbeheer? Hy soek kliphard na die man wat die fluitjie oor sy onbeholpenhede geblaas het.

❑ Moegapie ver van moeg af

OU Mal Bob Moegapie is nog lank nie moeg om Zimbaapwe verder op te foes nie. Eintik raak dit makliker: Helfte van sy bevolking is al in Duskantland, en daar is nie meer iets om te breek nie.

Vandeeweek hou hy weer "verkiesing" onder die oog van sy uitgesoekte polisie, soldate en vriende, en die uitslag is reeds bekend.

► Nou wonder Roelfie hoekom Duskantland 55 comrades afvaardig om te gaan "toesig hou" oor die volgende leuen wat die wêreld ingestuur word?

Allegaatjie

Kyk wat gebeur as jy 'n man teen sy sin winkel toe sleep!

'n Brief van GAME in Kimberley.

Geagte mev. Van Vreden,

Ons is van plan om u gesin uit ons winkel te verban, tensy u man met sy streke ophou. Hier is 'n lys van al die streke wat hy aangevang het. Ons kameras het hulle oor die laaste maande vasgelê.

MEMO van Sekuriteitsafdeling

Dinge wat mnr. Van Vreden aangevang het terwyl sy vrou inkopies doen.

- 1. 15 Junie:** Het 24 boksies kondome gevat en hulle in ander klante se mandjies gegooi terwyl hulle nie kyk nie.
- 2. 2 Julie:** Al die wekkers in Housewares ingestel om met 5 minute tussenposes af te gaan.
- 3. 7 Julie:** Het 'n tamatiesous-spoor op die vloer gelos tot by die tamponrakke.
- 4. 6 September:** Het die "CAUTION - WET FLOOR" -bordjie na die matafdeling geneem.
- 5. 15 September:** Het 'n tent in die kampafdeling opgerig en klante genooi om in te kom as hulle kussings van die beddegoedafdeling sal bring.
- 6. 23 September:** Toe 'n assistent hom vra of sy hom kan help, het hy begin huil en hardop geskree: "Hoekom kan julle mense my nie uitlos nie?"
- 7. 4 Oktober:** Het reguit in die sekuriteitskamera gekyk asof dit 'n spieël is, in sy neus gekrap en dit toe geëet.
- 8. 10 November:** Terwyl hy gewere in die jagafdeling gehanteer het, vra hy die assistent waar hy antidepressante kan kry.
- 9. 3 Desember:** Dwaal oral op 'n baie verdagte manier in die winkel rond terwyl hy hardop die tema van "Mission Impossible" neurie.
- 10. 18 Desember:** Het homself in die klererak weggesteek. As klante deur die klere kyk, het hy uitgeroep: "KIES MY! KIES MY!"
- 11. 21 Desember:** Toe 'n aankondiging oor die luidspreker kom, het hy in die fetale posisie gegaan en geskree "NEE! NEE! Dis weer daai stemme!"
- 12. 23 Desember:** Hy het in 'n aanpaskamer gegaan, die deur gesluit, 'n tyd lank gewag en toe baie hardop uitgeroep: "DAAR'S NIE TOILETPAPIER HIER NIE!"

Hierdie keer wil hy dit self sien!

'n Vrou neem haar 16-jarige dogter dokter toe.

Die dokter vra: "Goed Mevrouw, wat is die probleem vandag?"

Sy antwoord: "Dis my dogter, Debbie. Sy kry die vreeslikste eetgiere, sy bly gewig aansit en die meeste oggende is sy naar."

Ná 'n deeglike ondersoek draai die dokter na die ma.

"Mevrou, ek weet nie hoe om u te vertel wat fout met u dogter is anders as om dit prontuit te sê nie. Debbie is omtrent vier maande lank swanger."

"Swanger? Sy kan nie wees nie, sy was nog nooit alleen gelaat by 'n man nie! Debbie?"

"Nee ma, ek was nog nooit eens deur 'n man gesoen nie, ek is steeds 'n maagd!" Die dokter stap oor na die venster en staan en staar buitentoe sonder om 'n oog te knip. Ná omtrent vyf minute vra die ma: "Is daar fout buite, dokter?"

"Nee, mevrou, nie regtig nie. Maar die laaste keer wat so iets gebeur het, 'n ster in die Ooste verskyn het. Drie wyse manne het oor die bult gestap, en ek wil dit nie hierdie keer ook misloop nie!"



Dié week se giggels



SKOEN AAN ANDER VOET!

DIE vrou was besig om 'n ontbyt van gebakte eiers vir haar man te maak toe hy skielik die kombuis binnebars.

"Pasop," sê hy. "PASOP! Sit meer botter in! Grote griet! Jy bak te veel tegelyk. TE VEEL! Draai hulle om! DRAAI HULLE NOU! Waar gaan ons nog botter kry? Hulle gaan vassit! Pasop! PASOP! Ek het gesê jy moet VERSIGTIG wees! Jy luister NOOIT as jy bak nie. NOOIT! Draai hulle om! Gou! Moenie die sout vergeet nie. Jy vergeet altyd die sout. DIE SOUT! Gebruik die SOUT!"

Die vrou staar hom verbaas aan. "Waddiehel gaan met jou aan? Dink jy nie ek weet hoe om twee eiers en spek te bak nie?"

Waarop die man kalm laat hoor: "Ek wou net hê jy moet voel hoe dit voel as ek die kar bestuur."

JOU BESTE VRIEND

'N EENVOUDIGE eksperiment sal bewys dat die hond regtig die mens se beste vriend is.

Plaas jou hond en jou vrou 'n uur lank saam in jou kar se katebak. Kyk wie is bly as jy dit oopmaak.

KOEBAAI!

OP 'n dag kom 'n vrou met skreeuende remme tuis, hardloop die huis in en slaan die deur agter haar toe.

"Pak jou sakke!" skree sy vir haar man. "Ek het die lotery gewen!"

"Fantasties!" skree hy. "Wat moet ek pak?"

"Maak nie saak nie," sê sy. "Skoert net!"

OU KENNIS

'N POOLSE immigrant gaan aansoek doen vir sy bestuurslisensie, beginnende met sy oogtoets.

Die oogkundige wys hom 'n kaart met die letters C Z W I X N O S T A C Z.

"Kan jy dit lees?" vra hy.

"Lees?" vra die Pool. "Ek kén die man al twintig jaar lank!"

PROKUREURS

Wat is die verskil tussen 'n dooie hond in die pad, en 'n dooie prokureur in die pad? **Antwoord:** Daar is briekwerke voor die dooie hond.

Hoekom val haaie nie prokureurs aan nie? **Antwoord:** Professionele respek.

Hoekom is daar so baie prokureurs in Amerika? **Antwoord:** Want St Patrick het al die slange uit Ierland verban.

ANDY CAPP deur Smythe





MENSE en hul dinge

□ Te vet vir die tronk

'N SICILIAANSE hof het 'n Mafia-gevangene se vonnis tot huisarres verander omdat hy te vet vir die tronk is.

Salvatore Ferranti (36) weeg 210 kg en is ná ses maande in vier Italiaanse tronke huis toe gestuur nadat bewaarders gekla het dat hulle hom daaglik moet help aan- en uittrek, rondbeweeg en om badkamer toe te gaan. Daar is geen bed groot genoeg nie en hy kan nie by deure ingaan nie.

Hulle sal ook nie weet hoe om hom in 'n noodgeval by 'n hospitaal te kry nie.

□ Verdoemende getuienis

'N WINKELDIEF wat die hasepad gekies het nadat hy 'n pak vleis in 'n Nederlandse supermark gesteel het, het 'n stuk verdoemende getuienis agtergelaat - sy 12-jarige seun.

In sy haas het die 45-jarige dief vir sy motor genael en weggejaag, maar die polisie kon danksy die seun met hom kontak maak. Hy het egter geweier om sy seun te haal, en het voorgestel dat hulle die kêreltjie se ma bel.

Hy het darem 'n paar dae later berou gehad en homself gaan oorgee.

□ OTM raak die kluts kwyd

'N BRITSE outomatiese tellermasjien het 'n groot treffer geword toe hy twee keer soveel geld uitbetaal het as wat aangevra was.

Onttrekkers het ure lank na die OTM buite 'n supermark in die stad Hull gestroom nadat hul maats hulle gebel en van die meevaller vertel het. Mense wat die maksimumbedrag van £300 aangevra het, het £600 en 'n kwitansie vir £300 ontvang.

Die geluk het egter net 'n paar uur geduur - totdat die OTM se geld op was.

□ Windbestuiwing werk nie

'N DUITSE egpaar was ná 'n huwelik van agt jaar só moedeloos dat hulle steeds kinderloos was dat hulle die infertiliteitskliniek van die Lubek-universiteit besoek het. Ná 'n reeks toetse het die dokters vasgestel dat albei vrugbaar is. Hulle is ten einde raad gevra hoe gereeld hulle seks het.

"Wat bedoel jy?" was die verwarde teenvraag.

Dit blyk toe dat die 30-jarige vrou en haar 36-jarige man nooit beseft het watter fisiese aktiwiteite nodig is om 'n kind te verwek nie.



SAKGELD VIR ALTYD

KLAAR 'N MEDIESE FONDS?– HIERDIE IS VIR JOU OOK!

Ontvang n VISA spaarkaart vir al daardie ekstra apteek- uitgawes.
Hierdie is ook 'n netwerk geleentheid -verdien ekstra!
Ons doen al die werwingswerk namens jou

KLIK HIER: <http://provinet.co.za/?ref=PN12394>



MAKERIEPAS!

Stories uit die weermag

As daai kanon so stil word . . .

Deur Kanonsersant 67229385BT HJ Greeff

OM 'n Kanondonkie in die woestyn te wees, is nogal heel anders as om met die lelike groen 25 ponders en vyf-vyfs te werk by konvensionele basisse soos Lohatla en Potchefstroom.

Daar in Walvisbaai, met sy sandkleurige kanonne, was die lewe meer gerig op die paraatheid as die netjiesheid. Wie sou nou regtig kon waardeer en verstaan wat beteken woestynformasie as jy dit nie self beleef het nie?

Vir dié van julle wat nog raai, mens val konvensioneel aan met al jou voertuie rofweg in 'n lyn, langs mekaar. 'n Linie van etlike kilometers wyd wat aanstorm oor die woestyn. Vir die vyand lyk dit seker soos die front van 'n gevreesde stofstorm.

Ja, dit was harde, lekker en interessante tye. Soos die keer toe ons op 'n skietoefening in die woestyn uit was. Vroeg in ons opleiding, net begin gewoon raak aan hoe 'n vyfentwintigponder werk en hanteer.

Ek was kanonnier nommer een, die outjie wat moet sorg dat die ander vyf bemannings-lede hul werk seepglad doen. Maak een droog, word almal gestraf. Jaag jy aan, gryp die bemanning die kanon en hardloop met hom in die hoogvoor posisie 'n draai deur die woestyn. Of jy word rondom Rooikop gejaag tot jy flou is.

So is my kanon daardie dag die inskiet-kanon. Die een na die ander skoot word oor sowat 6 kilometer gevuur. Die ander kanonne skiet nie, maar volg al die verstellings wat deurgegee word op hul visiere. Voor, naby die teiken, is 'n observasiepos wat die skote dophou en dan die verstellings deurgee na die tegniese span, die TA's, wat weer uitwerk hoe ons die kanonne moet verstel.

In die woestyn is daar maar min koppies waarop die observasie-ouens kan stelling inneem, en met die gevolg dat die klompie onder leiding van Kaptein Potgieter, 'n oorlogsveteraan, in 'n sloot so twee kilometer duskant die teiken skuiling neem. Die projektiel maak so 'n fluitgeluid as hy bo-oor hulle trek.

Die eerste skoot is blykbaar ver oor die teiken. "Af 200", gee hy die bevel terug na die kanonne. Die TA's werk die nuwe peiling en afstand uit. Ek gee die nuwe verstelling aan my nommer drie en ons looi die volgende skoot. Weer fluit die projektiel oor die obser-vasiepos. Die manne daar in die sloot kyk bekommerd vir Kaptein Pottie. "Toemaar manne, solank jy hom hoor, is jy veilig. Dis wanneer hy stil raak hier bo jou, wat jy dekking moet neem!" stel hy hulle gerus.

Sy woorde was skaars koud of die projektiel raak stil. Die manne duik plat. Die bom bars skaars 100 m anderkant hulle. Chaos. Gelukkig is niemand beseer nie en die bevel kom oor die lug dat ons dadelik moet staak.

Ek en my bemanning word die woestyn ingejaag terwyl hulle die fout soek op die kanon. Laat daardie aand hardloop ons steeds. Hulle kry nie die fout nie.

Weke later kom biebombardier Pretorius van die TA's by my dat hy sy sjabloon met 'n hele 2 kilometer afgeskuif het in plaas van net 200 m. Dis wat veroorsaak het dat die skoot so kort geval het. Ná die tyd het hy gou sy fout agtergekome en dit reggemaak.

Dis hoekom niemand kon uitvind wat gebeur het nie. As hy nie 'n ou skoolmaatjie was nie, het ek sy nek net daar omgedraai!

Kammanusers word genooi om hul weermagstories aan te stuur vir oorweging - nie net die mans nie, ook daai niggies wat in die Leërkollege op George was!



Boemerangboertjie

skryf uit Doer Onder

Die Aussies se groot askies

NOU onlangs het Kevin Rudd, die nuwe eerste minister, mos amptelik en met groot omhaal die aborigene om verskoning gevra vir die onregte van die verlede.

Dis 'n prysenswaardige gebaar, ja, maar ek wonder tog. Nie een van die mense wat vandag in die parlement sit, het enigiets te doene gehad met die verwydering van kinders uit haggelike omstandighede om hulle in wit gesinne se huise groot te maak en hulle 'n beter toekoms te probeer gee nie.

Dit was in sigself goed bedoel, maar natuurlik is dit wreed om kinders uit hul ouers se sorg te neem, uit hul eie kultuur te ruk en aan 'n vreemde kultuur gewoon te probeer maak. Deesdae dra baie van hulle nog geestelike letsels, en ander het eers onlangs skielik ontdek hulle **het** "letsels". So is die ou mensdom maar eenmaal.

Kritici van die groot askies het daarop gewys dat die askies nie juis veel beteken as dit nie met vergoeding gepaard gaan nie, en Ruddjie se mond was skaars toe, toe kom die eerste eis om vergoeding vir die onreg wat aan die vorige geslag gedoen is.

'Mmm, ek wonder mos nou hoeveel kos dit om jou beter te laat voel oor pa of oupa se seer? Gaan dit nou die belastingbetaler se sak nog meer skud, bo-op die al hoër rentekoerse en die petrolprys wat nou al aan \$1.50 per liter raak? Die huismark hier is hoeka al klaar in 'n verknorsing, want derduisende kan skielik nie meer hul verbandbetalings bekostig nie.

Kyk die land se inboorlinge is 'n eienaardige ras, hoor. Hulle het in der waarheid nooit eens 'n ystertydperk beleef nie, en toe die blankes hulle hier kom kry, het hulle geleef soos hul voorvaders 40 000 jaar gelede geleef het.

Hulle het bitter min impak op die omgewing gelaat, net hier en daar bome wat gemerk is, of holtes wat in groot rotse bo-op heuwels geskuur is om water in op te vang. Hul werktuie was meestal van hout, en so ook hul wapens.

Dit is deesdae die politieke korrekte ding om elke openbare byeenkoms te begin met erkenning aan die "oorspronklike eienaars" van die land, maar vir hulle, soos vir die San, is eiendom 'n baie beperkte konsep. Die land is die ruimte waarin hulle bestaan, dit verskaf kos en hul lewensruimte. Die idee dat hulle grond kan besit, is iets wat die Europese setlaars met hulle saamgebring het.

Wat dinge baie moeilik maak, is die feit dat hulle steeds nie heeltemal in 'n 21ste-eeuse leefruimte en -styl inpas nie. Daar is uitsonderinge, maar die landelike eerste mens staan deesdae tussen kulture. Dit is waarom hulle 'n geweldige drankprobleem het, met die gepaardgaande geweld teen vrouens en kinders en die algemene wantoestande waarin hulle so maklik wegsink.

Aborigenes se gene is nie-regressief, iets wat min mense weet. Dit beteken dat, hoe meer hulle met blankes trou, hoe meer blank raak hulle in voorkoms. Daar is Aborigene oudstes wat witter is as ek!

Mettertyd gaan hulle as 'n ras, op voorkoms gesien, heeltemal hul kenmerkende etniese eienskappe verloor. Geweldig baie van hulle het reeds hul kultuur afgeskud, en haal dit net by geleentheid weer vorendag.

Dit bly maar 'n netelige kwessie.

Die 80-jarige spog by sy dokter dat sy nuwe, jong vrou swanger is.

Dokter: "Kom ek vertel jou 'n storie. Die jagter vat sy sambreel, gaan die veld in, sien 'n leeu, trek die handvat en BOEM! Skiet die leeu dood!"

Ou man: "Onmoontlik! Moet 'n ander jagter se skoot wees!"

Dokter: "Presies!"



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

SKRYF AAN: pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp.

Briewe word sonder taalkorreksies geplaas.

Kovsie-video 'onverskoonbaar'

KOLA op Calvinia:

Hennie,

Dankie vir die nuusbrief asook jou kommentaar op die UV-voerval.

Ek moet egter met jou verskil - daardie was nie snaaks nie, ook nie studentepret nie! Dit was gewoon ongemaniërdheid en total onaanvaarbare optrede. En om alles te kroon het hulle seker die onnoselste ding gedoen wat jy aan kan dink - om dit bekend te stel!

Ons moet NOOIT onaanvaarbare optrede (en veral wanneer dit by RESPEK vir ander mense en veral ouer mense kom) goedpraat nie.

Daardie seuns het nou die onnosel ding gedoen en hulle sal dit NET kan regmaak deur hul lewe daaraan et wy om rassisme en disrespek uit te roei.

Ek respekteer egter jou mening.

(Goed so, vriend Kola. Die onnoselheid van die jeug darem! - Hennie).

Pannekoek in Sjina

LIEB EN MIES LIEBENBERG:

Ons het Vrydagaand van ons 'Foreign friends' oorgenooi vir 'n 'dish & drinks' en ons het pannekoeke gebak vir die geleentheid. Ons het ook SA vlaggies bo-op gesit en die die mense het baie daarvan gehou. Na die ete het ons Amerikaanse vriendin Scrabble uitgeruk wat sy saam gebring het en ons het twee stelle gespeel. Was nogal lekker, maar ek het dit gemis om nie in Afrikaans te speel nie.

Volgende naweek is ons weer 'n klompie vriende wat Suzhou toe gaan.

Daar is 'n Franse Supermark waar jy allerhande verskillende kaassoorte kan koop. Daar is ook 'n Metro-winkel wat allerhande westerse goedere en kruide-niersware verkoop. Die mense wil almal daar gaan koop. Dit lyk vir ons of hulle begin verlang na hulle westerse geriewe en kos. Gelukkig het ons darem ons batterye gelaai met ons vakansie en sal sekerlik nie baie goed koop nie. Ons probeer ook mos om bietjie minder te eet. Sal maar sien wat gebeur.

Ons Amerikaanse vriend, Stuart het, nogal altwee in dieselfde klas, seuns met die name Jesus en Viëtnam! Hy sê hy vind dit nogal vreemd elke keer as Jesus iets gedoen het te sê: "Thank you, Jesus". Hy het ook gelag toe Vietnam hom een oggend groet en hy teruggroet met: "Good morning, Vietnam". Voorwaar snaakse name wat hulle hulself toe-eien.

Ek het nou weer 7 naamsveranderinge in my klas gehad. Die een seun se naam was Edison, wat ek dink heel gepas was, maar hy het dit nou verander na RAMBO! Ek kon dit nie glo nie. Die meisies is die grootste sondaars want hulle sien fliëks en lees verhale en dan neem hulle die heldin se naam aan. Mies moedig hulle aan om hulle name te verander.

Die restourasie van die hoekkas is nou in volle gang en die produksielyn werk goed. Ons mag nie enige tyd van Ons eerste week van dieet is verby: Ek het 1.5kg verloor en Mies het 'n kg opgetel! Haar moed le laag in haar skoene vandag en sy is nie meer gemotiveerd soos wat sy 'n week gelede was nie. Sy het die minste oortree hierdie week en ek het selfs 'n paar whiskys gehad. Die lewe is darem maar onregverdig...

Gister het ons vir Mies 'n plastiese rooi bad by die basaar gekoop. Sy kla die hele tyd sy kan nie haar beenhare ordentlik in die stort skeer nie. Die plek is buitendien so koud soos 'n vrieskas. Vanoggend het sy haar eerste bad gehad en was baie in haar skik.

AGTEROS

n goi bgrpr htms n hwe wrd ndg

Deur **WILHELM JORDAAN**

"Gevaarligte is daar reeds. In baie studente se skryfwerk is die logiese opbou van 'n argument deur samehangende stellings afwesig."

ONDER die opskrif "Is leka ma aleen hie in Lndn :-(" skryf Stephanie Nieuwoudt in Beeld se By (1 Maart) oor die kontras tussen noukeurige, handgeskrewe briewe van ouds en die hedendaagse vlugtigheid van SMS'e en e-pos.

Sy skryf na aanleiding van haar dogter wat uit Londen laat weet "sy is moeg vir SMS'e en e-pos, want dit beteken niks". En sy vra dan of die ontvanger van 'n SMS enige waarde kan heg aan 'n boodskap soos "How r u? C u @ 8".

Wat my laat dink het wat lesers sou dink as dié rubriek só begin het: "Di rbrk slvtan n smstl gskrf w. n goi bgrpr htms n hwe wrd ndg."

Vir getroue, en waarskynlik erg gefrustreerde, koerantlesers beteken dit die handewerk van die drukkersduiwel. Maar SMS-ghoeroes weet dit sê:

"Dié rubriek sal voortaan in SMS-taal geskryf word. 'n Goeie begryper het mos 'n halwe woord nodig."

'n Mens sou kon argumenteer die gebruik van SMS-taal is die noodwendige gevolg van die moderne mens se spoedgedreweheid en dat dit met die standaardisering van spelwyses nog sneller elektroniese kommunikasie kan bevorder.

Die SMS-taalmodel is eintlik baie oud as 'n mens Benjamin Franklin (1706-1790) se opvatting aanvaar. Hy het gereken swak spelling stem beter ooreen met die klanke van letters en woorde as korrekte spelling. Hy gee dié voorbeeld van 'n man wat die volgende boodskap ontvang het: "Not finding Brown at hom, I delivered your mseg to his yf."

Die man roep sy vrou. Ná baie kopkrap verstaan hulle alles behalwe "yf". Hulle roep toe hul huishulp, want hulle weet sy lees swak spelling soos 'n boek. Dié is verbaas dat haar geleerde werkgewers dit nie begryp nie.

Want, sê sy: "Yf spells wife. What else can it spell?" Waaruit Franklin dié komiese insig kry: "And indeed it is much better as well as a shorter method of spelling 'wife' than by doubleyou, i, ef, e, which in reality spells 'doubleyifey'."

Goed en wel, maar verban dit asseblief uit formele kommunikasie! Sê ek na aanleiding van navorsing wat sê SMS-taal floreer nou ook in studente se werkstukke en vraestelle – dermate dat dosente al hoe meer "kodes" moet ontwar.

"Dit het 'n nuwe kultuur by studente geword," sê me. Tamara Rodriques, 'n dosent aan die Tshwane-universiteit van Tegnologie. Sy het studente se SMS-taalgebruik in akademiese werk ondersoek en wou vasstel of hulle daarvan bewus is dat hul taalgebruik deesdae beperk is tot kort sinnetjies sonder leestekens en dikwels sonder betekenis.

Na aanleiding hiervan moet 'n mens vra of SMS-spelwyses die voorloper is van 'n nuwe soort mensheid wie se gees anders gaan werk as deur die beproefde grammatika van sinsbou, as jy skryf, en sinsontleding, as jy lees. Sal tegnologiese geletterdheid oplaas taalgeletterdheid verdryf?

Gevaarligte is daar reeds. In baie studente se skryfwerk is die logiese opbou van 'n argument deur samehangende stellings afwesig. Woorde en frases wat vertrekpunte aandui – soos "in die lig hiervan", "gesien die feit dat", "as aangeneem word dat" – word selde gebruik, of korrek benut.

Dit geld ook woorde en frases wat gevolgtrekkings aandui, soos: "derhalwe", "die afleiding is dat" en "dus blyk dit dat".

Wat dosente al hoe meer in werkstukke en vraestelle teëkom, is 'n telegramstyl en die losse opstapeling van bewerings waartussen geen duidelike verband gelê is nie, en bloot vaagweg op die vraag of probleem betrekking het.

Word studente hiervoor gepeenaliseer, is hulle verbaas, selfs ontsteld. Met dié stellige verweer: "Maar al die feite is dan daar!"

Miskien reken hulle goeie begrypende dosente het mos net halwe woorde nodig. Dit is asof studente hul werk, en miskien die lewe in die algemeen, al hoe meer in SMS-lettergrepies bedink – flentertjies gedagtes wat op die een of ander magiese manier vanself tot 'n ordelike en verstaanbare geheel sal kom.

Gaan dit só voort, kry ons dalk 'n nuwe spesie van die eens geroemde universitas magistrorum et studentium – 'n gemeenskap van geleerdes en studente, saamgesnoer deur die kuber-snelskrif van leë gedagtegang.

STAMBOOM

Bothma

Kan enige iemand help met stamboom oor die Bothma-familie.
andrebothma1@yahoo.co.za

Du Plessis

Enige inligting oor die du Plessis familie van Witbank. My oupa was Jan Harm du Plessis. harry@classicmail.co.za

Stander

Is op soek na enige inligting: Skoonpa 'n afstammeling van Heinrich 1747 wat as matroos uit Bremen, Duitsland, in die Kaap gearriveer het. Sal kontak waardeer. jj.stander@gmail.com

Die volgende KAMMANUUS verskyn op 7 April